NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

MEI 2019

Lukas 14:25 - 33

HOE LYK JESUS SE VOETSPORE?

Jesus was volkome gehoorsaam aan die Vader. Deur sy gehoorsaamheid verkry Hy vir ons die ewige lewe. Jesus se voetspore stap kruis toe vir ons. Luk 22:42

TREK DIE STEWELS AAN

Jesus se voetspore kos iets. Dit verg jou totale oorgawe. Dit vra dat jy God bo alles liefhê. Vra Hom om op die troon van jou hart sy plek in te neem. Luk 14: 26 - 27

STAP DIE PAD

Om op Jesus se pad te stap is 'n keuse wat daaglikse toewyding en inspanning verg. Vra die Heilige Gees om jou op sy pad te hou. Luk 13:24

STAP SAAM

Om Jesus te volg moet ons sy boodskap deel sodat almal sal weet hoe lief Hy hulle het. Vra die Heilige Gees om deur jou te werk. Luk 15:7

RITME VAN DIE MARS

"I'm thankful for Your scars, cause without them I wouldn't know Your heart. And with my life, I'll tell of who You are. So forever I am thankful." Scars by I Am They

Scan me

Hoe trek ons werklik Jesus se stewels aan?

Wees bereid om deel te hê aan sy lyding - in Indië grawe evangeliste dikwels hulle eie grafte voor hulle in 'n stad begin preek omdat hulle so dikwels geslaan en doodgemaak word.

Vir ons is daar geen dood meer nie, net tuiskoms by die Vader. Fil 3:10 - 11.

Laat die Here toe om jou swakheid en littekens te gebruik tot eer van sy naam. 2 Kor 12:10.

Jesus self het sy littekens gebruik om sy dissipels tot geloof op te roep. Joh 20:27

Straal sy liefde uit. Net soos lig die donker verdryf, kan sy liefde elke harde hart versag as jy Hom toelaat om deur jou lief te hê. Matt 5:16

Bronne:
http://archive.gosanangelo.com/lifestyle/columnists/kyle-hooks/looking-up--early-church-welcomed-persecution-2e2b343d-d37d-57b1-e053-0100007f5d66-372630951.html